



## **ABRAM WORD ABRAHAM – DIE BELOFTE VAN 'N GROOT NAGESLAG**

### *Ek behoort tot 'n geloofsfamilie*

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat God van Abraham se tyd af beloof het om hulle hemelse Vader te wees.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- wat die name, verwantskap en volgorde van die aartsvaders is;
- dat God die Israeliete belowe het om hulle Vader te wees en lief te hê; en
- dat God hulle ook liefhet.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- waardeer dat ons deel is van 'n familie van gelowiges by wie ons baie van geloof kan leer; en
- bly wees dat God ons liefhet.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet –

- met hulle ouers oor hulle kategesewerk gesels; en
- dankie sê dat hulle ouers hulle help verstaan dat God ons by sy genadeverbond insluit.

#### **MEER INLIGTING (Genesis 17: 1-7; 17-21; Hebreërs 11: 1-39)**

In die Bybel lees ons dat families en verhoudings van die begin af vir God baie belangrik was. Vir die Israeliete was families ook baie belangrik, omdat mense geken is aan hulle familienaam. As iemand jou beter wou leer ken, wou hulle altyd weet wie jou pa en oupa is. In Genesis 17 lees ons dat God met Abraham 'n verbond sluit en aan hom 'n groot nageslag belowe. God het

ook vir Abram en Sarai nuwe name gegee wat hulle en hulle nageslag sou herinner aan God se belofte. Abram se nuwe naam was Abraham, en Sarai se nuwe naam was Sara. Die nuwe name het beteken dat hulle 'n groot nageslag sal hê waaruit selfs konings gebore sal word.

Abraham word dikwels die *Vader van die gelowiges* genoem omdat God hom en sy nageslag (die Israeliete) geroep het om al die volke van die wêreld na Hom te lei. Verderaan in Genesis leer ons Abraham se nageslag ken. Hulle het God se eie volk geword. Isak was Abraham en Sara se seun wat God aan hulle belowe het toe hulle al baie oud was. Isak het twee seuns gehad, Jakob en Esau. God het Jakob se naam verander na Israel. Jakob het later 13 kinders gehad. Een van hulle was Josef. Hy het, nadat sy broers van hom ontslae wou raak, die onderkoning van Egipte geword. Toe daar groot hongersnood was, het Josef sy hele familie uit Kanaän na Egipte toe gebring, waar hulle gewoon en later 'n baie groot nasie geword het.

Vir gelowiges van alle tye is die verhouding tussen God en die volk Israel baie belangrik omdat God belofte het om sy volk te beskerm, te versorg en te bewaar. Ons noem hierdie verhouding 'n verbond omdat God met mense 'n spesiale band gesluit het. Abraham, Isak en Jakob se lewens vertel ons van hierdie verbond en dat God altyd sy beloftes hou, al was die Israeliete dikwels ongehoorsaam.

Ons noem Abraham, Isak en Jakob ook *aartsvaders* omdat hulle die *eerste* vaders was van God se volk. Ons lees in die Bybel hoe God sy volk gelei, beskerm en gered het. Hy het elkeen van hierdie aartsvaders in sy plan gebruik. Hierdie vaders van die Joodse volk se geloof in God is van geslag na geslag oorgedra. Omdat ons ook in God glo, is hierdie geskiedenis vir ons baie belangrik. Dit vertel waar ons geloof begin het. Ons is uiteindelik deel van die nageslag van gelowiges wat by Abraham, Isak en Jakob begin het.

In Hebreërs 11 is daar voorbeelde uit die Ou Testament van gelowige mense wat aan God se beloftes vasgehou het. Hulle geloof word as voorbeeld gebruik om ander gelowiges aan te moedig om te bly glo en te vertrou dat God sy beloftes nakom. Dit is wonderlik om te weet dat ons 'n groot geloofs familie het wat bestaan uit mense van verskillende tye en uit verskillende dele van die wêreld. Dit is te danke aan hierdie geloofs familie dat ons vandag in God kan glo en kan weet dat Hy altyd sy beloftes nakom.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Die Bybel.
- 4 kartonne met die volgende name daarop geskryf: Abraham, Isak, Jakob, Josef.
- 'n A4- of groter karton met 'n stamboom soos by IETS OM TE DOEN hieronder.


## **BEGIN MET DIE NUWE JAAR**

- Reël dat die kinders se ouers vir die eerste deel van die klastyd saam met hulle kinders na die klas toe kom.
- Gee geleentheid aan nuwe kinders vir 'n kort, spontane bekendstelling.

- Begin deur 'n gebed te doen, of vra een van die ouers om die gebed te doen (indien vooraf gereël).
- Laat die kinders hulle name voor in hulle boeke invul, en laat hulle en hulle ouers die onderneming teken. Lees die voorwoord terwyl almal bymekaar is.
- Bespreek die administratiewe reëlings, en deel kontakbesonderhede tussen die ouers en kategeet. Die ouers kan die klas daarna verlaat.
- Handel die register en ander administrasie af.

### IETS OM TE DOEN

- Heg die karton met die stamboom aan die swartbord of muur vas sodat almal dit kan sien.
- Laat die kinders 'n soortgelyke een in hulle boeke teken by die spasio daarvoor gelaat.



### VANDAG LEER ONS

#### BEGIN SO

Die stamboom wat ons opgestel het, leer ons dat ons almal tot 'n familie behoort met 'n herkoms uit baie vorige geslagte. Net soos in die tyd van die aartsvaders, gebruik God vandag ook families en gesinne om geloof van geslag tot geslag oor te dra.

Die mense in jou stamboom was op die een of ander manier deel van God se plan. Jou oupagrootjie het sy kinders van die Here geleer. Sy kinders het weer hulle kinders geleer, en so het jy uiteindelik die Here leer ken. Maar dit gaan baie ver terug. Ons voorgeslagte was eers heidene. Hulle is so aangegryp deur die geloof in God dat hulle ook in Hom begin glo het. So het die beloftes wat die Here met Abraham en die ander aartsvaders gemaak het, ook vir hulle waar geword. Op dié manier is ons verbind aan die gelowiges van die Bybel.

## IETS INTERESSANT

Bespreek die besonderhede by MEER INLIGTING. Vra dan die volgende vrae, en help reg waar nodig:

- Hoekom noem ons Abraham, Isak en Jakob *aartsvaders*? *Hulle was die eerste vaders van God se volk.*
- Wat noem ons dit as God met mense 'n spesiale verhouding begin? *'n Verbond.*
- Op watter manier het ons vandag deel aan die belofte van God aan Abraham? *Ons glo ook in God, en so is ons deur Jesus Christus verlos van die sonde.*

## IETS BELANGRIK

- Verhoudings is vir God baie belangrik.
- 'n Voorbeeld van so 'n verhouding is God se verbond met Abraham.
- God belowe om te beskerm, te versorg en te bewaar.
- Aan Abraham word 'n groot nageslag belowe.
- Abraham is die *vader van die gelowiges.*
- Deur hom is die volke van die wêreld na God gelei.
- Isak was Abraham en Sara se seun.
- Isak se seuns was Jakob en Esau.
- Jakob het twaalf seuns en een dogter gehad.
- Een van hulle was Josef.
- Josef se broers wou hom vermoor.
- Hulle verkoop hom eerder aan smouse.
- Hulle verkoop hom in Egipte.
- Josef word onderkoning van Egipte.
- Toe daar groot hongersnood was, bring Josef sy hele familie na Egipte.
- Sy familie het later 'n baie groot nasie geword.
- Ons noem God se verhouding met sy kinders 'n verbond – 'n spesiale band is gesluit.
- Abraham, Isak en Jakob is *aartsvaders.*
- Hulle was die *eerste vaders* van God se volk.
- Hulle geskiedenis vertel waar ons geloof begin het.
- Ons is uiteindelik deel van die nageslag van gelowiges wat by Abraham, Isak en Jakob begin het.
- In Hebreërs 11 kry ons die lyn van gelowiges.
- Dit is te danke aan hierdie geloofsfamilie dat ons vandag in God kan glo en kan weet dat Hy altyd sy beloftes nakom.

## BY DIE HUIS

### DOEN

- Die kinders vra hulle ouers om hulle stamboom uit te brei deur so ver moontlik die vorige generasies se inligting by te voeg.
- Die kinders lees die Bybelgedeeltes in die tweede kolom, en skryf 'n paar feite neer oor die aartsvaders, soos die voorbeelde hiernaas in die derde kolom. Moedig hulle aan om hulle ouers te vra om hulle te help.

<b>Aartsvader</b>	<b>Bybelgedeelte</b>	<b>Feite oor die persoon</b>
Abraham (Abram)	Genesis 12: 1-9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gehoorsaam aan die Here.</li> <li>• Sy vrou was Sara.</li> <li>• Lot was sy broer se kind.</li> <li>• Getrek van Haran na Kanaän.</li> <li>• Hy ontvang die belofte van 'n groot nageslag.</li> </ul>
Isak	Genesis 21: 1-12	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy is gebore toe sy pa 100 jaar oud was.</li> <li>• Isak is besny toe hy 8 dae oud was.</li> <li>• Sy halfbroer was Ismael.</li> <li>• Uit hom sal Abraham se nageslag gebore word.</li> </ul>
Jakob	Genesis 27: 1-29	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Rebekka was sy ma.</li> <li>• Sy vel was glad.</li> <li>• Hy was Isak se tweede seun.</li> <li>• Hy het sy pa bedrieg en verkul.</li> </ul>

## **LEER**

Die teks om vir hierdie week te memoriseer:

*Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag. (Genesis 17: 7)*

## **AFSLUITING**

Lees Gesang 275: 1, 3 en 4 as 'n gebed om mee af te sluit.

*O God van Jakob, deur u hand  
word steeds u volk gevoed;  
U het weleer op see en land  
ons vadere behoed.*

*Berei vir ons die lewenspad –  
wil deur u Gees ons lei;  
en as ons val, o Vader, vat  
ons hand en staan ons by.*

*Bewaar ons, Heer, in alle nood;  
hou oor ons lewe wag.  
Wil kleding skenk, gee daaglik brood –  
ons deel vir elke dag. Amen.*